

### Tel jou woorde, tel hul een vir een

Onthou jy die woorde van die bekende Christelike lied: "Tel jou seëninge, tel hul een vir een." Dalk moet ons hier in 2021 nog 'n versie byvoeg: "Tel jou woorde, tel hul een vir een!" Om een of ander rede meen sommige mense dat "mondsondes", soos kwaadpraat, goor taal en skinder nie so ernstig is soos daardie eintlike "groot sondes" soos owerspel, korrupsie of dronkenskap nie. Daar is al wie weet hoeveel kerklike verslae opgestel oor die jongste openbare sondes van die dag. Maar, vreemd genoeg, beskou godsdienstiges dit nooit eintlik as 'n ramp, wanneer mense orals van mekaar kwaadpraat of mekaar met hulle skerp tonge aan flarde skeur nie. In hierdie tyd van Corona lyk dit asof baie Christene geen brieke voor hulle monde het nie. Die een oomblik beledig hulle almal, wat van hulle verskil, en die volgende oomblik praat hulle ewe vroom oor die Here.

Hoe het ons dit misgekyk dat "mondsondes" soos skinder, lelik praat en haattaal die heel meeste in die Bybel aangespreek word? Moet ons nie juis elke dag voor die Here kies om al ons woorde te weeg en te tel nie? Dan breek ons minstens die verspreiding van hierdie dodelike praatvirus in ons eie omgewing.

deur Stephan Joubert

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- \*Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HER
- \*Bid vir Gerda Nel, sy is ernstig siek. Bid asb vir volle genesing-Gerda het 'n terugslag gehad – bid asb!!
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel na operasie
- \*Bid vir Jaco & Karin Meyer- vir volle herstel
- \*Bid vir tannie Aida Slabert– sy het geval & het 'n heupoperasie gehad. Bid vir volle herstel
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir Monte Pienaar –hy is baie ernstig siek



### Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .  
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening  
Rekno.: 0520580654  
Takkode: 632005

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



### Gedagte vir 2021

Praat sagte woorde met n hart  
wat omgee..want woorde kan  
saakmaak, heelmaak,  
seermaak.

